IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: A.665/2007

DATUM: 17 MEI 2008

In die saak tussen:

THEUNISSEN BOSMAN Appellant

en

DIE STAAT Respondent

---

## UITSPRAAK

STEYN, WnR:

Die appellant in hierdie aangeleentheid was op 19 Februarie 2007 in die streekhof Wynberg aan verkragting skuldig bevind en tot tien jaar gevangenisstraf gevonnis. Appellant appelleer tans teen vonnis alleenlik, nadat die Hof *a quo* op 21 September 2007 slegs verlof om te appelleer teen vonnis aan hom verleen het.

Wat die misdaad betref, het dit plaasgevind in omstandighede waar die beskuldigde die klaagster geken het. Hy het haar een aand verkrag terwyl sy langs haar vriend in die bed gelê en slaap het. Daar was drank betrokke die aanloop van die misdaad. Die appellant, die klaagster en die klaagster se vriend het almal gedrink die aand voordat die klaagster gaan slaap het saam met haar vriend.

Terwyl die appellant besig was om die klaagster te verkrag, het sy wakker geword en het sy haar vriend wakker gemaak en vertel dat die appellant besig was om haar te verkrag. Die appellant het toe weggehardloop. Die klaagster het nie fisiese beserings opgedoen nie en daar was nie getuienis van emosionele trauma nie.

Wat vonnis betref, is dit geykte reg dat 'n Hof van Appèl slegs sal inmeng met die vonnisdiskresie van die verhoorhof indien daar 'n wesenlike mistasting begaan is of as die vonnis as skokkend onvanpas beskou kan word.

In die onderhawige geval, skryf Wet 105 van 1997 'n verpligte minimum vonnis van tien jaar gevangenisstraf voor tensy daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat 'n afwyking van die voorgeskrewe vonnis regverdig. Die landdros het, tydens vonnisoplegging, bevind dat daar nie

omstandighede bestaan wat die afwyking van die voorgeskrewe vonnis regverdig nie. Die verhoorlanddros het wel seker faktore, wat hom in staat sou stel om van die voorgeskrewe vonnis af te wyk, oorweeg maar beslis dat in die omstandighede hierdie omstandighede slegs versagtende omstandighede was en nie die Hof genoop het om af te wyk nie.

Daar is egter faktore wat die landdros buite rekening gelaat het. Hy het nie in ag geneem of genoeg waarde geheg aan die kumulatiewe effek van faktore, soos dat die klaagster nie beseer is nie; dat geen wapen gebruik is nie; dat die misdaad nie beplan was nie en dat die klaagster geslaap het gedurende minstens 'n deel van die verkragting. Die landdros het ook nie in ag geneem dat die appellant reeds ongeveer 15 maande in gehegtenis was terwyl hy verhoorafwagtend was op die misdaad nie. Die rol van drank en die moontlike intoksikasie van die appellant is nie behoorlik oorweeg nie en ook nie die feit dat hy op die ouderdom van 29 nog 'n eerste oortreder was nie. Die landdros het die erns van die misdaad oorbeklemtoon.

In die lig van bogemelde omstandighede en met verwysing na ander gerapporteerde uitsprake, is die vonnis buitensporig swaar en skokkend onvanpas en is hierdie Hof by magte om in

/....

te meng met die vonnis deur die verhoorhof opgelê. Ek sal gevolglik die vonnis wysig na een van sewe (7) jaar gevangenisstraf.

Ingevolge die bepalings van artikel 282 van die Strafproseswet, word die vonnis terugdateer na die datum wanneer die appellant gevonnis is in die streekhof, naamlik 19 Februarie 2007.

STEYN, WnR

<u>VELDHUIZEN, R</u>: Ek stem saam, die appèl slaag en die skuldigbevinding word bekragtig en die vonnis word ter syde gestel en vervang met 'n vonnis wat my kollega voorstel.

VELDHUIZEN, R